

Nuwe aasvoëlprogram bekend gestel

■ NEELS JACKSON

IS die vlakke van swaar metale soos lood in Suid-Afrikaanse aasvoëls se bloed só hoog dat dit 'n gevaar vir reeds bedreigde spesies inhou?

Dit is een van die vrae waarop antwoorde gesoek gaan word in navorsing deur 'n nuwe aasvoëlprogram wat bekend gestel is.

Die landboudienstegroep Afgri, die departement parakliniese wetenskappe van die Universiteit van Pretoria (UP) se fakulteit veeartsenykunde, die aasvoëlprojek van die Renoster- en Leeubewaringsorganisasie en die Wêreldnatuurfonds het hande gevat om antwoorde te soek op 'n rits onbeantwoorde vrae wat aasvoëls raak.

Dr. Vinny Naidoo van die UP het gesê die vlak van swaar metale soos lood in aasvoëls se bloedvlakke is een van die sake wat kommer wek.

Enkele voorlopige toetse op wilde aasvoëls het wel verhoogde loodvlakke getoon.

Naidoo sê aasvoëls kan lood inkry as hulle prooi vreet wat geskiet is en hulle die koeël inkry. Selfs in die koeëlspoor deur die vleis van 'n dier, kan daar loodfragmente wees.

Hulle wil ook kyk wat die invloed van verskillende veeartsenykundige medisyne kan wees op aasvoëls wat die karkasse vreet van diere wat met sulke medisyne behandel is.

Indiese witruugaasvoëls het binne 'n paar jaar byna uitgestorweens

die noodlottige invloed wat een so 'n medisyne, diclofenac, op die voëls gehad het.

Dié middel is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie, maar die studiegroep weet nie of daar ander soortgelyke middels is wat 'n negatiewe uitwerking op die voëls kan hê nie.

By die talle aasvoëlrestaurante waar aasvoëls gevoer word, kry die voëls dikwels karkasse van vee wat gevrek het en wat dan deur boere aan die restaurante geskenk word.

Hulle wil seker maak dat dit nie op onvoorsiene wyse aasvoëlkolonies kan uitwis nie.

Sommige middels kan volgens Naidoo ook onvrugbaarheid by aasvoëls veroorsaak en op dié manier die spesies se toekoms bedreig.